

Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English / Afrikaans

April 2020 Edition 2



Your
labour
rights

Page 12



Support
for school
learners
during
lockdown

Page 11

Stay at home, save South Africa!



In the coming days and weeks, 10 000 Community Health Care Workers will be deployed across the country to conduct door-to-door screening in our most vulnerable communities

More Matshediso

The novel coronavirus (COVID-19) outbreak has claimed thousands of lives and turned the world upside down.

South Africa has not been spared, with its infection rate growing.

Government initially imposed restrictions to enforce social distancing but as the infections spread, a national lockdown was announced by President Cyril Ramaphosa and came into effect on 26 March.

He highlighted that never before in the history of South Africa's democracy has the country been confronted with such a severe situation.

The President said the nationwide lockdown was a necessary move to contain the spread of COVID-19 and 'flatten the curve' in South Africa.

• Cont page 2



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:



Search for SA Government on Google playstore or appstore

CONTACT US

Website: www.gcis.gov.za
www.vukuzenzele.gov.za

Tshedimosetso House:
1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083



Vuk'uzenzele



@VukuzenzeleNews

Email: vukuzenzele@gcis.gov.za
Tel: (+27) 12 473 0353

FREE COPY NOT FOR SALE



Saam kan ons Covid-19 oorwin

Tydens die eerste volle week van landwye inperking om die koronaviruspandemie wat die wêreld plaslaan te bekamp, is ons in dié onseker tye dankbaar vir goeie nuus wat vreugde en hoop gebring het.

Die 114 Suid-Afrikaners wat n paar weke gelede uit Wuhan in China ontruim is, se kwarantyn het tot n einde gekom en hulle is met hulle gesinne herenig. Hulle het almal negatief vir die virus getoets en is gesond en opgeruimd.

Hulle was vir maande ingeperk, eers vir 51 dae in Wuhan en toe vir 14 dae in Polokwane. Hulle kon nie by hulle geliefdes wees nie, kon nie hulle woonplekke verlaat nie en was onseker oor wanneer hulle beproeing tot n einde sou kom. Wanneer die oorblywende 17 dae van Suid-Afrika se tyd van inperking bygevoeg word, sal hulle vir altesaam 82 dae ingeperk wees.

Dit was wonderlik om tyd saam met dié diverse groep Suid-Afrikaners van alle ouderdomme, tale en agtergronde, deur te bring. Ek was beïndruk deur hulle geeskragtigheid, moed en vasberadenheid om gesond te bly. Hulle kom van die episentrum van die koronavirus in Wuhan, China en het die verwoestende impak van dié virus op mense ervaar. Ek was nie verras toe hulle sê dat dit hulle missie is om die gesondheid van die mense om hulle, te beskerm nie. Hulle geduld en vasberadenheid is



nou beloon, want hulle keer terug na hulle gesinne toe.

Hulle terugkeer huis toe is deur talle mense moontlik gemaak wat alles moontlik gedoen het om te verseker dat dié repatriasieproses suksesvol uitgevoer word.

As 'n nasie is ons ontsettend dankbaar dat die regering en die mense van China so goed na ons burgers omgesien het en ons bedank hulle vir hulle hulp met die repatriasieproses. Dit is noemenswaardig dat verskeie van die Suid-Afrikaners in Wuhan studiebeurse van die Chinese regering ontvang het, n goedgunstige daad wat oopreg waardeer word.

Ons is dankbaar vir al die mense wat by die proses betrokke was, van SAA-personeel en die mediese span, tot die polisie en soldate wat hulle huis toe gebring het. Ieder en elkeen van hulle het na vore gekom om verantwoordelikheid vir die veiligheid en welstand van ander,

te aanvaar. Hulle was bereid om n moeilike en geværlike missie aan te pak en om aan kwarantyn onderhewig te wees. En hulle vertel nou vir my dat hulle gereed is vir die volgende missie.

Ek bedank die personeel en bestuur van die Ranch Hotel in Polokwane, wat so goed na die teruggekeerde omgesien het. Hulle was bereid om hul rol te vervul in ons nasionale poging om dié siekte die hoof te bied. Almal wat by die proses betrokke was, het Suid-Afrika eer aangedoen.

Die ervaring van die Suid-Afrikaners in Wuhan demonstreer die doeltreffendheid — en die noodaaklikheid — van n inperkingstydperk. Dit was as gevolg van die Chinese regering se drastiese optrede om die siekte in Wuhanstad in te perk, dat al ons mense gesond teruggekeer het en nie die virus onder lede het nie.

Wuhan, n stad in die Hubei-provinsie, met 11 miljoen

inwoners, het meer as 50 000 infeksies gehad. Die provinsie het nou, na meer as twee maande nadat streng inperkingsmaatreëls ingestel is, minder as 20 nuwe gevalle in die afgelope twee weke gehad.

Die inperking van die siekte in Wuhanstad, in Hubeiprovinsie en op ander plekke regoor China, het n massieve en buitengewone poging vereis. Dit het drastiese beperkings op mense se daaglikse lewens behels en n ernstige impak op die Chinese ekonomie gehad.

Ander lande het soortgelyke maatreëls toegepas en ervaar groter sukses in die beheer van die siekte se verspreiding as lande wat langer geneem het om daarop te reageer.

Namate die totale aantal bevestigde Covid-19-gevalle wêrelwyd tot meer as 700 000 styg en die aantal sterftes 33 000 oorskry, kan ons by dié lande leer.

Dit is nou baie duidelik dat die doeltreffendste manier


vir n samelewing om die verspreiding van die siekte te beperk, is vir die bevolking om vir minstens n paar weke tuis te bly en fisies van mekaar geïsoleer te wees. Dit is ook belangrik dat die inperking en alle ander noodmaatreëls streng nagekom en deurlopend toegepas word.

Soos die Suid-Afrikaners wat in Wuhan was kan getuig, is dit uiters moeilik om sulke beperkings op mense se daaglikse lewe, op beweging en gewone menslike kontak, toe te pas. n Inperking in die Suid-Afrikaanse konteks veroorsaak bykomende ongerief en spanning en ons doen alles moontlik om die impak op ons mense te verminder.

Die les van die Suid-Afrikaners in Wuhan is dat inperking werk. Dit toon dat as ons streng by die ingestelde reëls hou om te keer dat die virus versprei, ons in staat sal wees om die infeksiekoers te verminder. Dit toon dat as ons saam met die gesondheidswêreld werk en doen wat ons moet doen, ons nie net ons eie lewens nie, maar ook diegene om ons se lewens sal red.

Die storie van ons Suid-Afrikaanse teruggekeerde uit Wuhan, behoort ons aan te moedig en hoop te gee in die moeilike weke wat voorlê.

Hulle storie wys vir ons dat daar lig aan die einde van die tunnel is, dat as ons volhou, gedissiplineer bly, die inperking respekteer en saam werk, ons die virus sal oorwin. 



Inperking



Elke persoon sal tot hulle woonplekke ingeperk word, tensy daar van hulle verwag word om 'n noodsaaklike diens te lewer, hulle noodsaaklike goedere en medisyne moet koop, 'n maatskaplike toelaag gaan haal of nood-, reddings- of chroniese mediese aandag nodig het.



Alle byeenkomste word verbied, behalwe vir begrafnisse, waar daar nie meer as 50 mense mag wees nie. Beweging tussen provinsies, metrostede en distrikte is.



Alle besighede en ander entiteite sal bedrywighede staak tensy hulle by die vervaardiging, verskaffing of voorsiening van noodsaaklike goedere of dienste betrokke is.



Alle kleinhandelaars en winkelsentrums, behalwe kruidenierswinkels, apteke en ander verkooppunte wat slegs noodsaaklike goedere verkoop, moet gesluit wees. Klante moet minstens een vierkante meter weg van mekaar af staan en alle ander infeksiebeheermaatreëls toepas.

g





Alle plekke van aanbidding, openbare parke, strande, swembaddens, nagklubs, teaters, bioskope en dobbelhuise sal vir die publiek gesluit wees.



Alle hotelle, lodges en gaste huise sal gesluit wees, behalwe waar hulle toeriste moet akkommodeer wat geen ander woonplek in die land het nie, of as dit vir kwarantyn of isolasie gebruik word.



Enige plekke waar godsdiens tige, kulturele, sport-, vermaak-, ontspannings- of soortgelyke aktiwiteite gewoonlik plaasvind, sal vir die publiek gesluit wees.



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

WHATSAPP-ONDERSTEUNING
0600 123 456
NOODNOMMER
0800 029 999
sacoronavirus.co.za

Die nasionale inperking geld vir 21 dae vanaf 23:59 op 26 Maart tot 23:59 op 16 April.

